

3 Junie

Skrifgedeelte: Esegïel 43:13-44:31

Fokusgedeelte: Esegïel 44:1-3

Die waarborg van God se teenwoordigheid

Tussen al die besonderhede wat Esegïel oor die nuwe tempel vermeld, staan die opmerking dat die Oospoort gesluit moet bly. Dié poort, wat vandag as die Goue Poort bekend staan, het na die Ooste oor die Kedronvallei gekyk. Dit was 'n poort in die buitemuur van die hele tempelkompleks – nie van die tempel self nie. Dis die kant waar die son opkom, die kant waarvandaan die magtige teenwoordigheid van die Here die tempel in beweeg het. Die ingang is net vir God bedoel en die feit dat hy gesluit was, sê dat God nie weer sy volk gaan verlaat nie. Al persoon wat daar mag kom is die regeerder, waarskynlik 'n vors uit die huis van Dawid. Hy mag ook nie deur die poort beweeg het nie, maar kon slegs van binne die kompleks na die binnekant van die poort gaan. Anders as by die sonaanbidders was die fokuspunt van die tempel nie na die Ooste nie, maar na die Allerheiligste wat in die besonder die simbool van God se teenwoordigheid was. Die geslote poort word 'n waarborg van God se teenwoordigheid. Dit herinner aan die woorde wat Jesus vir sy dissipels gesê het net voor sy hemelvaart: “Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld” (Matt 28:20). Na sy hemelvaart het Jesus die Heilige Gees gestuur om altyd by ons te bly en om ons van sy teenwoordigheid te verseker. Daarom kan ons in alle omstandighede seker wees van die Here se teenwoordigheid.

Sing: Skrifberyming 45:12 Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)